- demonstrate a thorough understanding of the assessment guidelines for English Home Language and English First Additional Language, as they apply to each of the four language skills within the CAPS framework.

Verbruikerstudie 1A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van die verbruiker as individu, gesinslid en lid van die gemeenskap hê;
- oor kennis en begrip van finansiële aspekte rondom verbruikersgedrag beskik;
- oor vaardigheid in die toepassing van finansiële prosesse beskik; en
- 'n Christelik-gefundeerde waardebeoordeling van verbruikersgedrag in die moderne wêreld kan uitspreek.

Verbruikerstudie 1B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van bemarking binne die Suid-Afrikaanse ekonomie hê;
- kennis en begrip van entrepreneurskap binne die Suid-Afrikaanse mikro-ekonomie hê;
- vaardighede in die toepassing van bemarkingstrategieë binne 'n mikro-ekonomiese omgewing hê;
- vaardighede in die toepassing van entrepreneurskapsbeginsels in 'n mikro-ekonomiese omgewing hê; en
- 'n Christelik-gefundeerde waardeoordeel oor hedendaagse bemarkingstrategieë kan uitspreek.

Verbruikerstudie 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip in die interpretasie van resepinstruksies en die skryf van resepte in aksievorm toon;
- vaardigheid in die toepassing van mengmetodes vir basiese meelmengsels asook kooktegnieke vir pasta en rys toon;
- vaardigheid in die toepassing van gaarmaakmetodes vir groente en eiers toon, met spesifieke fokus op kook, stoom, posjeer en braai;
- vaardigheid in die voorbereiding van gekookte souse en slaaie toon; en
- 'n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op voedselpraktika binne Verbruikerstudie kan toepa

Verbruikerstudie 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip kan toon van ontwerpelemente en –beginsels wat vir Verbruikerstudie geld;
- kennis en begrip van tekstiele met die oog op ontwerpe binne Verbruikerstudie kan toon;
- kennis en begrip van die ontwerp en keuse van 'n geskikte woning vir die Suid-Afrikaanse verbruiker kan toon;
- vaardighede in die toepassing van ontwerpelemente en -beginsels binne Verbruikerstudie kan toon; en
- 'n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op ontwerpe binne Verbruikerstudie kan toepas.

Verbruikerstudie 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- vaardigheid in die voorbereiding en bak van gisprodukte, chouxdeeg en eenvoudige brosdeeg toon;
- vaardigheid in die voorbereiding, bak, versiering en vries van groot koeke toon;
- vaardigheid in die voorbereiding, bak en versier van terte en kleinkoekies toon;
- vaardigheid in die voorbereiding van suikerkokery, blatjang en konfyt toon; en
- 'n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op voedselpraktika binne Verbruikerstudie toepas.

Verbruikerstudie 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van die toepassing van voedselhigiëne- en voedselveiligheidsbeginsels toon, insluitend die identifisering en voorkoming van voedselbederf, voedselbesmetting en voedselvergiftiging;
- kennis en begrip van voedselbergings- en afvalbestuursmetodes toon;
- vaardigheid in die identifisering, bestuur en voorkoming van kombuisplae en voedseloordraagbare siektes toon;
- kennis en begrip in die toepassing van voedseladditiewe en -etikettering toon; en
- 'n Christelik gefundeerde waardebeoordeling oor voeding en voedselveiligheid kan bespreek.

Verbruikerstudie 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- vaardigheid in die voorbereiding en gaarmaak van visgeregte toon;
- vaardigheid in die voorbereiding en gaarmaak van hoendergeregte toon;
- vaardigheid in die voorbereiding en gaarmaak van rooivleis toon;
- vaardigheid in die voorbereiding van gelatiengeregte en gevorderde nageregte toon; en
- 'n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op voedselpraktika binne Verbruikerstudie toepas.

Verbruikerstudie 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van die spysverteringstelsel toon;
- kennis en begrip van voedselgroepe en voedingstowwe toon;
- vaardigheid in die toepassing van voedselgebaseerde dieetriglyne toon;
- vaardigheid in die toepassing van maaltydbeplanning toon; en
- 'n Christelik gefundeerde waardebeoordeling oor voeding en voedselkeuses van verbruikers uitspreek.

Verbruikerstudie-metodologie 2

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van konsepte en rolspelers in die onderrig van die teoretiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- kennis en begrip van lesbeplanning met betrekking tot die teoretiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- vaardighede in die toepassing van 'n Verbruikerstudie-kurrikulum met betrekking tot die teoretiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- vaardighede in die toepassing van assesseringsmetodes met betrekking tot die teoretiese komponent van Verbruikerstudie toon; en
- 'n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op onderrigmetodes met betrekking tot die teoretiese komponent van Verbruikerstudie kan uitspreek.

Verbruikerstudie-metodologie 3

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van konsepte en rolspelers in die onderrig van die praktiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- kennis en begrip van lesbeplanning met betrekking tot die praktiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- vaardigheid in die toepassing van 'n Verbruikerstudie-kurrikulum met betrekking tot die praktiese komponent van Verbruikerstudie toon;
- vaardigheid in die toepassing van assesseringsmetodes met betrekking tot die praktiese komponent van Verbruikerstudie toon; en
- 'n Christelik gefundeerde waardebeoordeling op onderrig met betrekking tot die praktiese komponent van Verbruikerstudie uitspreek.

Verbruikerstudie-metodologie 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip van die minimum infrastruktuur van die opleidingskombuis toon;
- kennis en begrip van die veiligheidstandaarde van die opleidingskombuis toon;
- kennis en begrip van klein en groot kombuistoerusting en -apparaat toon;
- vaardigheid in die beplanning van praktiese lesse toon; en
- 'n Christelik gefundeerde waardebeoordeling oor die rentmeesterskap van hulpbronne uitspreek.

Wêreldbeskouingsleer

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die fenomeen "wêreldbeskouing", soos dit in die globale konteks gebruik word, kan verduidelik;
- 'n bewustheid toon van die wyse waarop "wêreldbeskouing" as konsep binne die studieveld ontwikkel het en die belangrikheid van 'n wêreldbeskouing kan bespreek;
- 'n geïntegreerde kennis kan demonstreer van 'n Christelike wêreldbeskouing se basiese beginsels, wat 'n begrip van die sleuteltermen, konsepte, feite, beginsels en teorieë van hierdie wêreldbeskouing en hoe dit van ander fundamentele wêreldbeskouings verskil, insluit; en
- die vermoë demonstreer om inligting uit 'n verskeidenheid bronne, waaronder mondelinge, geskrewe of simboliese tekste, te versamel en te selekteer ten einde 'n akademiese skryfstuk te skryf; basiese analise-, sintese- en evalueringsprosesse op daardie inligting kan toepas; oor die vermoë beskik om die versamelde inligting betroubaar, akkuraat en samehangend deur te gee deur gebruik te maak van konvensies wat geskik is vir die konteks; en 'n geskrewe opdrag ingee, met inbegrip van goeie akademiese praktyk en respek vir konvensies rondom intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat.

Wiskundige Geletterdheid 1A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- insig kan toon in die doel en aard van Wiskundige Geletterdheid as vak;
- werklike wêreldprobleme, wat deur middel van wiskundige denke opgelos kan word, kan herken en analiseer;
- werklike wêreldprobleme kan oplos deur basiese reëls en beginsels deur middel van wiskundige denke in berekening te neem (insluitende basiese berekeninge, afronding, persentasies, verhoudings en eweredigheid);
- hul eie en ander studente se denkwyse kan analiseer op 'n metavlak tydens die oplossing van 'n probleem;
- die belang van lees in Wiskundige Geletterdheid kan ondersoek en in die proses ook met die toepassing van strategieë begin;
- die analise van probleme en oplossings kan kommunikeer deur middel van gepaste redenering; en
- 'n begrip van getalstelsels kan demonstreer.

Wiskundige Geletterdheid 1B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- hul eie sterk- en swakpunte kan assesser deur 'n aanlyn toets oor vorige werk te skryf;
- probleme met patrone, verhoudings en voorstellings kan oplos wat op lineêre vergelykings gebaseer is;
- probleme in terme van ruimte, vorm, meting en voorstellings van die fisiese wêreld kan oplos, grotendeels in tweedimensionele kontekste;
- hul eie en ander studente se denkpatrone kan analiseer op 'n metakognitiewe wyse tydens probleemoplossing en dus so in staat wees om logiese foute te identifiseer en hulle reg te stel; en
- die analise van probleme en oplossings kan kommunikeer deur middel van gepaste redenasie.

Wiskundige Geletterdheid 2A

Na die voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees om

- kennis te bevat ten opsigte van die statistiese siklus se basiese beginsels en data se voorstelling en die basiese gebruik daarvan;
- rekenaarprogramme te gebruik om te kommunikeer oor data op grafieke en tabelle en oor navorsingsresultate;
- bewustheid rondom wiskundige intelligensie te kweek deur finansiële dokumente te analiseer en besluite in terme van begroting, ens. te neem;
- koöperatiewe leer te ervaar deur in groepe te werk om 'n navorsingsprojek te doen; en
- inligting oor die resultate van 'n navorsingsprobleem oor te dra deur middel van kommunikasie.

Wiskundige Geletterdheid 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vaardigheid bevat om lewenswerklike probleme met algebraïese uitdrukkings en lineêre funksies in verband te bring;
- algebraïes vaardig genoeg wees om sodoende algebraïese uitdrukkings en lineêre funksies te manipuleer;
- gelyktydige lineêre vergelykings kan oplos;
- kundigheid demonstreer oor verskillende leesstrategieë wat vir Wiskundige Geletterdheid toepaslik is; en
- hul eie denkpatrone en dié van ander metakognitief kan evalueer.

Wiskundige Geletterdheid 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- hul eie sterk- en swakpunte kan assesser deur 'n aanlyn toets oor die vorige werk te skryf;
- vaardig wees ten opsigte van die manipulering van lineêre vergelykings;
- die verskille tussen lineêre vergelykings en kwadratiese vergelyking kan herken en kontrasteer;
- kan illustreer hoe gelyktydige vergelykings opgelos kan word, insluitende kwadratiese en lineêre vergelykings; en
- hul eie denke en dié van ander metakognitief kan evalueer.

Wiskundige Geletterdheid 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- hul eie persoonlike sterk- en swakpunte kan assesseer deur 'n aanlyn persoonlikheidstoets te gebruik;
- soliede figure kan bou en die volume en oppervlakte kan bereken;
- die berekening kan oefen van die area, omtrek, oppervlakte en volume van gekombineerde figure;
- die opknapping van 'n vertrek kan beplan in 'n groep;
- 'n uitstappie kan beplan; en
- op groepdinamika kan reflekteer.

Wiskundige Geletterdheid 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- komplekse en veranderlike data kan analiseer en interpreteer met behulp van maatstawwe van sentrale neiging en verspreiding;
- wanvoorstellings in data-analise kan opspoor en relevante etiese kwessies kan verduidelik;
- die waarskynlikheid van verenigde gebeure kan gebruik, insluitende die gebruik van boomdiagramme; en
- rekenaarpakkette kan gebruik om maatstawwe van sentrale neiging en waarskynlikheid voor te stel en te bereken.

Wiskundige Geletterdheid 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- hul eie sterk- en swakpunte kan assesseer deur 'n aanlyn toets te skryf oor vorige werk wat in algebra gedoen is;
- hul foute kan analiseer, hierdie foute aan ander kan meedeel en in 'n groepbespreking kan aandui hoe om hierdie foute te korrigeer;
- gevorderde algebraïese manipulasie kan doen;
- basiese meetkundige redenasies kan doen wat deur die Van Hiele-teorie ondersteun word;
- werklike lewensprobleme kan oplos deur die gebruik van eenvoudige lineêre programmering; en
- die proses en oplossing van probleme kan oordra aan ander.

Wiskundige Geletterdheidsmetodologie 2

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- rekord kan hou van hul ontwikkeling om in 'n Wiskundige Geletterdheidsonderwyser te ontluik;
- insig hê in hul eie identiteit en groei wat nodig is om 'n Wiskundige Geletterdheidsonderwyser te kan wees;
- oor kennis beskik van waarom dit belangrik is om wiskundig geletterd in die 21ste eeu te wees - tesame met die geskiedenis en oorsprong hiervan – en begryp hoe Wiskundige Geletterdheid as vak hiertoe bydra;
- die verskil tussen die vakke Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid in die VOO-fase kan analiseer en hierdie kennis kan toepas sodat dit op die uiteinde tot hul identiteit as Wiskundige Geletterdheidsonderwyser bydra;
- kan erken en verduidelik waarom die toepassing van basiese wiskundige vaardighede in alledaagse probleme belangrik is en basiese aktiwiteite kan ontwerp om die belang hiervan te illustreer;
- die vermoë demonstreer om saam aan 'n taak te kan werk en in staat wees om konstruktief op die resultaat en proses te reflekteer;
- voorkennis kan illustreer wat vir 'n spesifieke les benodig word en hierdie vaardigheid in lesbeplanning kan toepas; en
- 'n les wat op 'n onderwerp in die kurrikulum gebaseer is kreatief kan beplan en 'n inleiding daarvoor kan aanbied.

Wiskundige Geletterdheidsmetodologie 3

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- rekord kan hou van hul ontwikkeling om in Wiskundige Geletterdheidsonderwysers te ontluik;
- insig hê in hul eie identiteit en die rol wat emosie asook emosionele intelligensie in die Wiskundige Geletterdheidsklaskamer speel;
- oor kennis beskik van die wyse waarop verskillende lande lewenswerklike probleemoplossing in Wiskundekursusse inkorporeer;
- oor kennis beskik van departementele dokumente, waar dit verkry kan word en hoe dit gebruik kan word;
- kan erken en verduidelik waarom die toepassing van basiese wiskundige vaardighede in alledaagse probleme belangrik is en basiese aktiwiteite kan ontwerp om die belang hiervan te illustreer;
- kan analiseer waarom en hoe 'n goeie les in Wiskundige Geletterdheid geleer word; en
- 'n les wat op 'n onderwerp in die kurrikulum gebaseer is kreatief kan beplan en 'n inleiding daarvoor kan aanbied.

Wiskundige Geletterdheidsmetodologie 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- rekord kan hou en oor hul eie ontwikkeling om in Wiskundige Geletterdheidsonderwysers te ontluik, kan reflekteer
- oor kennis beskik van verskillende assesseringspraktyke in Wiskundige Geletterdheid as vak;
- oor kennis beskik van Bloom se Taksonomie om vrae in Wiskundige Geletterdheid op te stel;
- 'n vraestel en memorandum in Wiskundige Geletterdheid kan opstel; en
- oor die vermoë beskik om 'n vraestel te modereer wat iemand anders opgestel het.

Wiskunde 1A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- spesifieke kennis en ingeligte begrip van getalle, getalvoorstelling en eienskappe van die volgende getalstelsels toon: natuurlike getalle, telgetalle, heelgetalle, reële getalle en komplekse getalle; en 'n ingeligte begrip kan demonstreer van die verwantskappe tussen die getalstelsels;
- kennis beskik rakende die wyse waarop die getalkonsep ontstaan en ontwikkel het en begryp watter invloed dit op wiskundige bewerkings uitoefen;
- die vermoë toon om standaardmetodes, reëls, beginsels en formules binne die terrein van getalstelsels te selekteer en toe te pas, onder omstandighede waarmee hulle vertrouwd is en waarin hulle ondersteun word;
- die vermoë toon om, individueel of in groepverband, roetine en nieroetineprobleme rakende getalstelsels te identifiseer, te analiseer, op te los en te evalueer, wat binne bekende sowel as nuwe lewenswerklike kontekste geskied;
- die vermoë toon om, in mondelinge sowel as geskrewe formate, relevante terminologie, simbole en notasie te gebruik ten einde inligting met betrekking tot getalstelsels in te samel, te verwerk en te kommunikeer; en
- oor die ingesteldheid en vermoë beskik om eie leer te monitor, eie prestasie te evalueer, en, indien nodig, toepaslike leerstrategieë en hulpbronne te implementeer om die uitkomst van hierdie module te bereik en om ook op 'n soortgelyke wyse die leer van ander groepslede te bevorder.

Wiskunde 1B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde kennis en 'n duidelike begrip bevat van die aard en eienskappe van tweedimensionele figure en driedimensionele vorme; kan begryp hoe hierdie kennis verband hou met trigonometrie; meetkundige beredenering kan uitvoer deur dan ook tussen induktiewe en deduktiewe metodes te kan onderskei; en oor die vermoë beskik om by die gebruik van induktiewe metodes ook van tegnologiese en wiskundige hulpmiddels gebruik te maak;
- die vermoë toon om toepaslike formules, reëls, beginsels en metodes te kies en in die oplossing van probleme in meetkunde en trigonometrie te kan gebruik;
- die vermoë toon om meetkunde- en trigonometriese probleme in onbekende kontekste te identifiseer, te ontleed en op te los, gegrond op toepaslike prosedures en metodes;
- die vermoë toon om individueel of as deel van 'n groep relevante wiskundige terminologie, simbole en notasie in meetkunde en trigonometrie te kan gebruik om samehangend en op 'n betroubare manier, in mondelinge of skriftelike formaat, inligting effektief te kan kommunikeer deur geskikte tegnologieë vir 'n bepaalde konteks te gebruik; en
- oor die ingesteldheid en vermoë beskik om verantwoordelikheid te neem vir eie leer deur vordering van eie leer te monitor; en eie prestasie kan evalueer teen gegewe kriteria, en, indien nodig, eie leerleemtes kan identifiseer om dan toepaslike leerstrategieë en hulpbronne te implementeer ten einde die uitkomst van hierdie module te bereik en sodoende dan ook tot die bevordering van ander se leer by te dra.

Wiskunde 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 'n gedetailleerde kennisbasis bevat wat begrip en insig demonstreer met betrekking tot die verskillende tipes funksies: lineêre, kwadratiese, polinoom-, absolutewaarde-, rationale, trigonometriese, eksponensiële, logaritmiëse en hiperboliese funksies;
- bevoegdheid toon om toepaslike metodes, werkswyses en tegnieke met betrekking tot funksionele verhoudings en wiskundige modellering te evalueer, te selekteer en toe te pas;
- die vermoë toon om, individueel of as deel van 'n groep, goed gedefinieerde, onbekende en lewenswerklike probleme ten opsigte van funksionele verhoudings en wiskundige modellering op te los deur van toepaslike werkswyses en bewyse gebruik te maak;
- bevoegdheid toon om toepaslike wiskundige terminologie, simbole en notasie te gebruik ten einde ingewikkelde inligting ten opsigte van funksionele verhoudings en wiskundige modellering op 'n betroubare en samehangende manier, in verbale en geskrewe vorm, te kommunikeer, waarby toepaslike tegnologie ingesluit is;
- bevoegdheid toon om lewenswerklike situasies en werklikheidsgetroue probleme deur middel van funksies te modelleer en op te los deur tegnologie soos rekenaarsagteware en webgebaseerde Wiskunde-toepassingsprogrammatuur ("mathematical tools") te gebruik; en
- oor die ingesteldheid en vermoë beskik om verantwoordelikheid te neem vir eie leer deur vordering van eie leer te monitor; krities oor eie prestasie kan reflekteer en dit ook aan die hand van gegewe kriteria evalueer; en toepaslike leerstrategieë en hulpbronne kan implementeer om die uitkomstes van hierdie module te bereik en terselfdertyd tot die bevordering van ander se leer by te dra.

Wiskunde 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde kennis en begrip van algebra en analitiese meetkunde toon, met spesifieke verwysing na die interaksie tussen hierdie twee wiskundekomponente en die algebraïese en grafiese voorstelling van lineêre en nielineêre vergelykings en ongelykhede; en kennis beskik van die wyse waarop hierdie interaksie tydens die oplossing van lewenswerklike probleme gebruik kan word;
- oor die vermoë beskik om toepaslike prosedures, reëls, beginsels, metodes en formules te identifiseer, te kies, te evalueer en toe te pas tydens die algebraïese en grafiese oplos van lineêre en nielineêre vergelykings en ongelykhede in onbekende lewenswerklike kontekste;
- die vermoë toon om, in verbale en geskrewe vorm, grafiese en algebraïese voorstellings van lineêre en nielineêre vergelykings en ongelykhede asook die gegenereerde oplossings van probleme op 'n betroubare en samehangende wyse aan te bied en te kommunikeer deur toepaslike wiskundige terminologie, simbole en notasie te gebruik;
- die vermoë toon om, individueel of in groepverband, onbekende lewenswerklike probleme, wat verband hou met grafiese en algebraïese voorstellings van lineêre en nielineêre vergelykings en ongelykhede, voor te stel en op te los deur die toepassing van toepaslike metodes, werkswyses en berekenings, insluitende die gebruik van tegnologie soos sakrekenaars, rekenaarsagteware en webgebaseerde Wiskunde-toepassingsprogrammatuur ("mathematical tools");
- die vermoë toon om toepaslike inligtingversamelingstegnieke en -metodes uit verskillende bronne toe te pas, die bronne en inligting te evalueer en inligting toepaslik vir die taak te selekteer, te analiseer, te sintetiseer en die resultate te interpreteer; en
- oor die ingesteldheid en vermoë beskik om verantwoordelikheid te neem vir eie leer deur vordering van eie leer te monitor; krities oor eie prestasie kan reflekteer en dit aan die hand van gegewe kriteria evalueer; en toepaslike leerstrategieë en hulpbronne kan implementeer om die uitkomstes van hierdie module te bereik en terselfdertyd tot die bevordering van ander se leer by te dra.

Wiskunde 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde kennis bevat van die belangrikste statistiese tegnieke wat in die praktyk gebruik word en hierdie kennis kan gebruik om verwante, maar onbekende, praktykgerigte en werklikheidsgetroue probleme op te los; en kennis bevat van die verwantskap tussen statistiek en ander vakgebiede sowel as die toepassingswaarde daarvan in die praktyk;
- die vaardigheid hê om die waarskynlikheid van 'n gebeurtenis te bepaal deur gebruik te maak van gepaste statistiese metodes en tegnieke om werklikheidsgetroue probleme op te los;
- oor die vermoë beskik om geskikte data na aanleiding van gegewe probleemstellings in te samel, met inagneming van etiese waardes en optrede; en data kan interpreteer ten einde gepaste gevolgtrekkings daaruit te kan maak;
- die vermoë toon om, individueel of as deel van 'n groep, goed gedefinieerde, onbekende en lewenswerklike probleme wat verband hou met statistiek en waarskynlikheid te identifiseer, te analiseer en op te los deur toepaslike metodes, werkswyses en berekenings te gebruik en dan die nodige gevolgtrekkings hieruit te kan maak;
- oor die vermoë beskik om die geldigheid van statistiese en waarskynlikheidsvoorstellings, modelle en probleemoplossings te evalueer en dit op 'n betroubare en samehangende wyse te kommunikeer deur van toepaslike konvensies, formate en tegnologieë gebruik te maak; en
- oor die ingesteldheid en vermoë beskik om verantwoordelikheid te neem vir eie leer deur vordering van eie leer te monitor; krities oor eie prestasie kan reflekteer en dit ook aan die hand van gegewe kriteria evalueer; en toepaslike leerstrategieë en hulpbronne kan implementeer om die uitkomstes van hierdie module te bereik en terselfdertyd tot die bevordering van ander se leer by te dra.

Wiskunde 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis en begrip bevat van die definisies en verskillende voorstellings wat in Euklidiese meetkunde gebruik word ten opsigte van punte, lyne, sirkels, hoeke, driehoeke en vierhoeke sowel as terminologie, beginsels en tegnieke wat van toepassing is in Euklidiese en sferiese meetkunde;
- oor die vermoë beskik om Euklidiese en sferiese meetkunde met mekaar te vergelyk deur van die resultate gebruik te maak wat in beide tipes meetkunde verkry word;
- oor die vermoë beskik om individueel, of as deel van 'n groep, komplekse probleme wat met Euklidiese en sferiese meetkunde verband hou te identifiseer, te analiseer, te evalueer, krities daaroor te reflekteer en deur toepaslike beredenering op te los;
- die vermoë toon om terminologie, beginsels, tegnieke en voorgestelde oplossings van lewenswerklike probleme wat met Euklidiese en sferiese meetkunde verband hou effektief in 'n goed geformuleerde argument te kommunikeer;
- oor die vermoë beskik om tegnologiese hulpmiddels en wiskunde-toepassingsprogrammatuur aan te wend tydens die oplossing van meetkunde probleme; en
- oor die ingesteldheid en die vermoë beskik om algehele verantwoordelikheid te aanvaar vir eie leerbehoefte, vordering van eie leer, besluitneming en die implementering van toepaslike leerstrategieë en hulpbronne om die uitkomstes van hierdie module te bereik.

Wiskunde 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis, begrip en insig van die volgende toon: limiete en kontinuïteit, die afgeleide, differensieerbaarheid, betekenis van integraal, die middelpuntreël, eienskappe van die bepaalde integraal, Riemann-somme en die hoofstelling van analise; en kan begryp hoe hierdie kennis in die praktyk toegepas kan word;
- die vaardigheid toon om die volgende te kan doen: die berekening van die afgeleide vanuit die definisie; die afleiding van relevante differensiasiereëls en berekening van afgeleides; die limiet van 'n Riemann-som; en bepaalde sowel as onbepaalde integrale;
- oor die vermoë beskik om individueel, of as deel van 'n groep, toepaslike prosedures, reëls, formules en metodes te identifiseer, te analiseer, te kies en toe te pas ten einde komplekse probleme deur analise op te los;
- bevoeg wees om wiskundige terminologie, simbole en notasie te gebruik om differensiasie en integrasie toe te pas ten einde die gedrag van funksies binne werklikheidsgetroue en praktykgerigte situasies te gebruik om probleme op te los waar veranderingstempo, ingeslote oppervlaktes, netto verandering en volumes betrokke is;
- die vermoë toon om tegnologieë soos sakrekenaars en rekenaarsagteware te benut in die voorstelling van funksies, limiete, snylyne, raaklyne aan krommes en ingeslote oppervlaktes en om verder ook verwante onbekende lewenswerklike probleme daarmee op te los;
- die vermoë toon om prosedures, gevolgtrekkings en voorgestelde oplossings van lewenswerklike probleme en eie menings te kommunikeer in goed geformuleerde argumente, met inagneming van die konvensies rondom intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat; en
- oor die ingesteldheid en vermoë beskik om algehele verantwoordelikheid te aanvaar vir eie leerbehoefte, vordering van eie leer, besluitneming en implementering van toepaslike leerstrategieë en hulpbronne om die uitkomstes van hierdie module te bereik.

Wiskunde 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis en deeglike begrip toon van die volgende: sleutelterminologie, konsepte, feite, beginsels, reëls, aksiomas, stellings en teorieë oor twee- en driedimensionele vektore, lineêre en nielineêre vergelykings, iteratiewe numeriese metodes en lineêre programmering; en insig toon in die wyse waarop hierdie kennis met ander vakdisiplines, bv. Tegnologie en ander natuurwetenskaplike terreine, verband hou;
- begrip toon van die verskillende teorieë en wette rakende multidimensionele Wiskunde en die vermoë toon om dit krities te evalueer ten opsigte van toepasbaarheid met betrekking tot vektore, matrikse, stelsels van vergelykings en iteratiewe numeriese metodes;
- die vermoë toon om verskillende toepaslike prosedures, reëls, beginsels, formules en metodes, met inbegrip van tegnologiese hulpmiddels en rekenaarsagteware, te kies, te evalueer en toe te pas tydens die oplossing van komplekse probleme, wat met vektore, matrikse, stelsels van vergelykings, iteratiewe numeriese metodes en lineêre programmering verband hou;
- die vermoë toon om individueel, of as deel van 'n groep, komplekse probleme, wat met vektore, matrikse, stelsels van vergelykings, lineêre programmering en iteratiewe numeriese metodes verband hou, te identifiseer, te analiseer, te evalueer, krities daaroor te reflekteer en aan te spreek deur gebruik te maak van teoriegedrewe argumente, wat gegrond is op die verwantskappe tussen die konsepte, feite, beginsels, reëls, aksiomas, stellings en teorieë;
- die vermoë toon om prosedures, berekeninge, resultate en voorgestelde oplossings van lewenswerklike probleme en eie menings te kommunikeer in goed geformuleerde argumente, met inagneming van algebraïese en meetkundige voorstelling van vergelykings, stelsels van vergelykings en lineêre programmering; en
- oor die ingesteldheid en vermoë beskik om algehele verantwoordelikheid te aanvaar vir eie leerbehoefte, vordering van eie leer, besluitneming en implementering van toepaslike leerstrategieë en hulpbronne om die uitkomstes van hierdie module te bereik.

Wiskunde-metodologie 2

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde kennis oor die volgende bevat: die aard en waarde van Wiskunde as skoolvak, die kundigheid en vaardighede van die Wiskunde-onderwyser, die departementele beleidsdokumente van Wiskunde, die verskille tussen die kurrikula van Senior en VOO-fases, spesifieke onderrig-en-leerstrategieë wat in Wiskunde gebruik kan word en die belang van 'n gesonde klaskamerklimaat; en oor die vermoë beskik om hierdie kennis toe te pas om programme vir onderrig en leer en lesplanne in Wiskunde as module saam te stel;
- oor die vermoë beskik om individueel, of as deel van 'n groep, lesse met 'n leerdergesentreerde benadering in Wiskunde te beplan, voor te berei en aan te bied;
- oor die vermoë beskik om individueel, of as deel van 'n groep, praktykverwante probleme, wat verband hou met die leerinhoud van hierdie module (bv. die aanbied van 'n les in 'n klaskamer wat nie na behore toegerus is nie), te identifiseer, te analiseer en op te los deur die toepassing van toepaslike metodes en werkswyses;
- die vermoë toon om toepaslike inligtingversamelingsmetodes en -tegnieke uit verskillende bronne toe te pas (bv. vir opdragte of die oplossing van probleme); bronne en inligting kan evalueer; en inligting toepaslik vir die taak kan selekteer, analiseer, sintetiseer en die resultate kan interpreteer;
- die vermoë toon om versamelde inligting, resultate van opdragte en/of voorgestelde oplossings van praktykverwante probleme, verbaal of skriftelik, op 'n betroubare en samehangende wyse aan verskillende gehore te kommunikeer, met die gebruik van taal, terminologie en ander professionele konvensies wat verband hou met die onderrig van Wiskunde deur van geskikte media en tegnologieë gebruik te maak; en
- oor die ingesteldheid en vermoë beskik om verantwoordelikheid te neem vir eie leer deur vordering van eie leer te monitor en eie prestasie teen gegewe kriteria te evalueer; en, indien nodig, eie leerleemtes kan identifiseer en dan toepaslike leerstrategieë en hulpbronne implementeer om die uitkomstes van hierdie module te bereik en sodoende ook soortgelyke wyse medeverantwoordelikheid vir die leervordering van ander groepslede te neem.

Wiskunde-metodologie 3

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis en begrip toon van die volgende: die skep van 'n leeromgewing wat onderrig en leer in Wiskunde bevorder, aktiewe leer, lesaanbieding, assessering en ontwikkeling van probleemoplossingsvaardighede, grootgroepaanbiedinge, koöperatiewe kleingroepe en die bevordering van onafhanklike leer in Wiskunde, insluitende die vermoë om die spesifieke konsepte en beginsels in die praktyk toe te pas en te verstaan hoe hierdie kennis met ander aspekte van die metodiek van Wiskunde-onderrig verband hou;
- die vermoë toon om 'n verskeidenheid ondersoekmetodes te selekteer, hul geskiktheid te evalueer en in ondersoeke toe te pas wat die konsepte en beginsels van hierdie module aanspreek; en relevante probleme kan oplos wat verbetering in die onderwyspraktyk sal meebring;
- die vermoë toon om individueel, of as deel van 'n groep, komplekse probleme wat verband hou met die inhoud van hierdie module te identifiseer, te analiseer, te evalueer, krities daaroor te reflekteer en aan te spreek deur van geskikte metodes en/of teoriegefundeerde en opvoedkundige argumente gebruik te maak;
- vaardighede toon tydens die insameling, prosessering en bestuur van inligting wat in hierdie module van toepassing is, insluitende die vermoë om die inligtingsbronne te bekragtig en die inligting te analiseer, te evalueer en te sintetiseer en daarmee saam ook die gevolgtrekkings in 'n gegewe konteks te kan toepas;
- die vermoë toon om resultate van opdragte of inligtingsoektogte en voorgestelde oplossings van lewenswerklike probleme sowel as gevolgtrekkings en eie menings te kommunikeer in goed geformuleerde argumente, met inagneming van die konvensies van intellektuele eiendom, kopiereg en plagiaat; en
- oor die ingesteldheid en vermoë beskik om volle verantwoordelikheid te neem vir eie leerbehoefte, vordering van eie leer, besluitneming en die implementering van relevante leerstrategieë en hulpbronne om die uitkomstes van hierdie module te bereik en soortgelyke verantwoordelikhede in groepprosesse te aanvaar.

Wiskunde-metodologie 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis en begrip toon van die volgende: inhoud en struktuur van die Wiskundige Geletterdheidskurrikulum, die inrig en bestuur van die onderriglokaal, seleksie, evaluering en implementering van geskikte onderrig-en-leermateriaal, die vervaardiging en gebruik van hulpmiddels in klaskamers wat nie na behore toegerus is nie, die gebruik van tegnologie in die onderrig en leer van die module en inklusiwiteit en inheemse kennissisteme tydens die onderrig van Wiskunde; en 'n grondige begrip toon van hoe hierdie kennis met ander aspekte van die metodiek van Wiskunde-onderrig verband hou;
- die vermoë toon om 'n verskeidenheid toepaslike ondersoekmetodes te selekteer, hul geskiktheid te evalueer en in ondersoeke binne die konteks van hierdie module toe te pas; en probleme kan oplos wat tot verbetering in die onderwyspraktyk kan lei, met inagneming van etiese waardes en optrede, asook die interaksie tussen wiskunde, tegnologie en die gemeenskap;
- die vermoë toon om individueel, of as deel van 'n groep, ingewikkelde probleme wat verband hou met die inhoud van hierdie module te identifiseer, krities te ontleed en die hoof te bied deur geskikte metodes en/of teoriegefundeerde en opvoedkundige argumente te gebruik;
- vaardighede toon tydens die insameling, prosessering en bestuur van inligting wat in hierdie module van toepassing is, insluitende die vermoë om die inligtingsbronne te bekragtig, die inligting te analiseer, te evalueer en te sintetiseer en hiermee saam ook die gevolgtrekkings in 'n gegewe konteks te kan toepas;
- die vermoë toon om eie idees en menings te ontwikkel, wat gegrond is op die resultate van opdragte of inligtingsoektogte en voorgestelde oplossings van lewenswerklike probleme; en oor die vermoë beskik om hierdie idees en eie menings te kommunikeer in goed geformuleerde argumente deur toepaslike professionele en etiese beginsels en konvensies na te kom; en
- die ingesteldheid en vermoë toon om volle verantwoordelikheid te neem vir eie leerbehoefes, vordering van eie leer, besluitneming en implementering van relevante leerstrategieë en hulpbronne om die uitkomstes van hierdie module te bereik en soortgelyke verantwoordelikhede in groepsprosesse te demonstreer.